Posbus/PO Box 16 Postnet
VAALPARK
1948

Vaalpark Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
www.vaalparkprim.co.za

27 Mei 2025

**Waterbeperkings / Geen water beskikbaar vir Sasolburg en Vaalpark**

Geagte Ouer/Voog

Soos u seker reeds bewus is, het Rand Water alle inwoners van Sasolburg en Vaalpark in kennis gestel van die voorgenome onderhoud wat gedoen gaan word aan die waterinfrastruktuur van die Vaaldriehoek.Volgens die skrywe sal daar geen water vanaf 30 Mei 2025 tot en met 14 Junie 2025, beskikbaar wees nie.

Hiermee vra ons u dat u, u kind steeds elke dag skool toe sal stuur, aangesien normale onderrig en die eksamen gaan plaasvind. Daar sal water beskikbaar wees vir die spoel van toilette en die was van hande, maar ons vra u dringend om u kind daagliks van water te voorsien vir persoonlike gebruik (drinkwater), aangesien ons nie die kwaliteit van die ondergrondse water kan waarborg nie.

Ons versoek ook verder dat u met u kind sal praat rakende die aangeleentheid en die belangrikheid hiervan, onder hul aandag sal bring. Enige ander/nuwe inligting sal spoedig moontlik aan u gekommunikeer word soos ons dit ontvang. Indien enige persoon enige verdere inligting ontvang waarvan die skool nie bewus is nie, vra ons dat u dit so dringend moontlik met die skool sal kommunikeer.

Ons vra by voorbaat om verskoning vir enige ongerief veroorsaak met die wateraangeleentheid.

U positiewe samewerking en begrip hiermee word hoog op prys gestel.

Vriendelike groete

Mnr. JH Erasmus

Waarnemende Skoolhoof

Posbus/PO Box 16 Postnet
VAALPARK
1948

Vaalpark Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
www.vaalparkprim.co.za

**27 May 2025**
**Water Restrictions / No Water Available for Sasolburg and Vaalpark**

**Dear Parent/Guardian**

As you are already aware, Rand Water has informed all residents of Sasolburg and Vaalpark, about the planned maintenance that will be carried out on the Vaal Triangle's water infrastructure. According to the notice, there will be no water available from **30 May 2025 until 14 June 2025**.

We kindly ask that you continue to send your child to school every day, as regular teaching and exams will proceed as scheduled. Water will be available for flushing toilets and washing hands, but we urgently request that you **provide your child with water for personal use (drinking water) each day**, as we cannot guarantee the quality of the underground water.

We also request that you speak with your child about this matter and emphasize its importance. Any other/new information will be communicated to you as soon as we receive it. If anyone receives information that the school is not yet aware of, we ask that you please share it with the school as soon as possible.

We apologize in advance for any inconvenience caused by the water issue.

Your positive cooperation and understanding are greatly appreciated.

Kind regards
Mr JH Erasmus
Acting Principal